SEDERT 1920

AFRIKAANSE HOËR SEUNSKOOL

Posbus 14078, Hatfield, 0028
e-pos: affies@affies.co.za
Lynnwoodweg 1 Tel: (012) 344-3805
PRETORIA Faks: (012) 344-3907

Geagte voornemende Affie-ouer

Om u seun te help om 'n goeie en ingeligte keuse te maak, gee ons graag die volgende inligting oor die VAKKE deur.

2. GRAAD 10-12 VAKKEUSE

'n Leerling moet 7 vakke kies, VIER uit afdeling A en DRIE uit afdeling B. Vir graadstudies (universiteitstoelating) moet 'n leerling 50% in vier vakke behaal.

AFDELING A	**VIER verpligte vakke**
	VAK
1	Afrikaans Huistaal
2	English Home Language
of	English First Additional Language
3	Wiskunde
of	Wiskunde Geletterdheid
4	Lewensoriëntering
	AFDELING B **Enige DRIE van die volgende vakke moet gekies word**
	Fisiese wetenskappe (Fisika en Chemie)
	Rekeningkunde
	Lewenswetenskappe (Biologie)
	Inligtingstegnologie (Programmering)
	Rekenaartoepassingstegnologie (Rekenaarvaardighede)
	Ekonomie
	Besigheidstudies
	Geografie
	Geskiedenis
	Ingenieursgrafika en –ontwerp
	Visuele kuns
	Musiek
	Duits Tweede Addisionele Taal (Onderhewig aan getalle)
	Siviele Tegnologie (Onderhewig aan getalle)

‘n Leerling mag slegs ‘n maksimum van twee addisionele vakke neem. Hierdie twee keusevakke moet reeds in Graad 10 as addisionele vakke geneem word. Die aanbied van addisionele vakke is onderhewig aan die aantal leerlinge wat dit wil neem en die beskikbaarheid van ‘n onderwyser.

2.1 Algemeen

2.1.1 ‘n Leerling wat in graad 10 **Alpha Wiskunde** as addisionele vak wil neem, moet einde graad 9 ‘n punt van 65% vir Wiskunde kry.

2.1.2 Dit word baie sterk aanbeveel dat ‘n Graad 9-leerling wat **Wiskunde** as vak in graad 10 wil neem, aan die einde van graad 9 ‘n punt van 55-59% vir Wiskunde moet kry.

2.1.3 **Duits**
Leerlinge kan in Graad 10 Duits as tweede addisionele taal neem. Die voorwaarde is dat ten minste 10 leerlinge die vak moet kies.

2.1.4 **Engels Huistaal**
Leerlinge wat Engels Huistaal wil neem, moet in Graad 9 ‘n punt van ten minste 60% vir Engels behaal.

2.1.5 Leerlinge wat **Inligtingstegnologie** as vak wil neem, moet ten minste 50-59% vir Wiskunde in Graad 9 behaal. As gevolg van fasiliteite kan net ‘n beperkte aantal leerlinge Inligtingstegnologie as vak neem. Keuring vind plaas op grond van sy Wiskunde punt tydens die Junie/Julie-eksamen behaal.

As gevolg van die aard van die vak moet elke leerling wat Inligtingstegnologie / Rekenaartoepassingstegnologie as vak wil neem, ‘n addisionele fooi betaal.

2.1.6 Dit word sterk aanbeveel dat ‘n leerling wat **Ingenieursgrafika en -ontwerp** as vak wil neem ook Wiskunde sal neem (vergelyk universiteitstoelatingsvereistes).

2.1.7 **Musiek**
Die skool voorsien gratis onderrig in alle orkesinstrumente, klavier, orrel en kitaar (slegs beperkte aantal kitaarleerlinge).
Die skool voorsien aan elke musiekleerling ‘n blaas-musiekinstrument, maar daar word jaarliks ‘n instandhoudingsfooi gehef, afhangend van die instrument wat die leerling bespeel.
Indien meer as 1 orkesinstrument bespeel word, word gratis onderrig en voorsiening van instrument in slegs 1 instrument aangebied.
Keuring vind plaas op grond van die leerling se graad 9 praktiese punt.

2.2 Vereistes vir ‘n Nasionale Senior Sertifikaat

‘n Minimum van 40% in huistaal
‘n Minimum van 40% in twee ander vakke
‘n Minimum van 30% in drie ander vakke

2.3 Vakveranderings

Die Departement van Onderwys bepaal dat geen leerder 'n vak in Graad 12 mag neem indien hy dit nie reeds van Graad 10 af geneem het nie. Dit is dus belangrik dat die vakkeuse in Graad 10 deeglik oorweeg word om latere probleme te vermy.